Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

DIE SOEKER-SENSITIEWE KERK

Eerstens is dit belangrik om te verstaan dat die woord *kerk* nie in die oorspronklike Skrifte (Bybel) gevind word nie. Wat algemeen bekend staan as *die kerk* is die Hebreeuse woord *qahal* en die Griekse woord *ekklesia*. Beide hierdie woorde het feitlik dieselfde betekenis, naamlik: *die vergadering, die gemeente en die uitgeroepenes*. So vind ons byvoorbeeld in Ex. 12:6, verwysend na die paaslam, die volgende geskryf: ...*en die hele* ***vergadering (qahal) van die gemeente*** *van Israel moet dit slag teen die aand.* Dan lees ons ook in Matt.16:18 dat Yeshua aan Petrus gesê het: *en op hierdie rots sal Ek my* ***gemeente (ekklessia)*** *bou*. Israel van ouds was dus die gemeente (*die kerk*) van YHVH net soos wat die eerste gelowiges in Yeshua as die Messias ook die gemeente (*die kerk*) van YHVH ons Vader-God is.

Tweedens is dit baie belangrik om te verstaan dat die *ekklesia*, naamlik *die kerk* van Handelinge gelowiges in Yeshua was wat gegrondves was in die Torah (die wet) naamlik die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos in die ou testament, maar veral in die eerste vyf boeke, vervat is. Hierdie was die Skrifte wat ondersoek was om bevestiging te kry aangaande die Messias en die genade voorsiening van YHVH (Joh. 1:46; Hand. 17:11; 2 Tim. 3:14 tot 17). Die eerste *kerklidmate* het dus die shabbat gedenk en dit geheilig, het die Feestye van YHVH gedenk en het die Torah-leefwyse van Vader-God soos deur Yeshua gedemonstreer en bevestig is (Matt.5:17 en 18), gevolg.

In die lig van bogenoemde moet die gemeente (die *qahal*) van die ou verbond, asook die gemeente (die *ekklesia*) van die nuwe verbond, naamlik die gemeente van Handelinge, die verwysingraamwerk van die hedendaagse gemeente (*die kerk*) wees. Baie belangrik is die volgende: Hierdie gemeentes van ouds was nie soeker-senstiewe gemeentes nie – nie 'n soeker-sensitiewe kerk nie!!

'n Soeker-sensitiewe kerk (*seeker-sensitive church*) is 'n kerk wat daarna strewe om die kerk meer aanloklik en aanvaarbaar vir almal – gelowiges en ongelowiges – te maak. Die doelwit is om 'n vriendelike omgewing te skep

waar almal tuis voel en waar die behoeftes van die mens aangespreek word. Dit is pogings om sogenaamde herlewing in die gemeente te bewerkstellig. Ten einde hierdie doel te bereik, sal daar van kursusse, seminare en charismatiese sprekers gebruik gemaak word, asook van moderne tegnologie, die media en beproefde bemarkingsbeginsels.

Die vertrekpunt van 'n soeker-sensitiewe kerk is dan gewoonlik om 'n behoeftebepaling te doen en dan by wyse van 'n kerkprogram en predeking in daardie behoeftes te voorsien. Hierdie is pogings om herlewing te bewerkstellig en kerkgroei te verseker, want die evangelie word aangepas by die kultuur, behoeftes en lewenstyl van die mense wat bereik wil word. Soeker-sensitiewe gemeentes verander die ware evangelie in 'n verbruikersvriendelike evangelie waar almal tuis en gemaklik voel, want daar word geglo dat die kerk relevant tot die samelewing moet wees.

Die vraag is of hierdie benadering noodwendig verkeerd is? Uiteraard moet hulpmiddels en kundigheid nie oorboord gegooi word wanneer die evangelie verkondig word nie. Dit moet egter op so 'n wyse aangewend word sonder dat die waarheid van die Skrifte en die evangelie van redding en genade hoegenaamd afgewater, of toegewend is of verdraai word. Die fokus moet op Yeshua Messias, die lewende Woord van God wees wat 'n innerlike verandering by gelowiges moet meebring wat uiterlik sigbaar sal word. 'n Hartsverandering en vernuwing van gedagtes, woorde en dade moet deur ware bekering plaasvind.

Die onvervalste Woord van YHVH wat gehoor (gelees) en toegepas word, moet 'n hartsverandering teweegbring. Die kerk (die evangelie) moet nie by die mens se behoeftes aanpas nie! Nee, die gelowiges (*die soekers*) moet deur die waarheid van die evangelie verander word tot 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde (heilige) volk wat as uitgeroepenes losgemaak van die wêreld lewe (1 Pet. 2:9 en 10).

Die kerk se taak is die saaier van die goeie saad van die Woord. YHVH is die een wat deur Sy Gees in die harte van mense werk en die saad laat ontkiem en laat groei. Die kerk kan nie die werk van die Afgesonderde Gees doen nie. Daarom moet die kerk die goeie saad van die Woord van God saai sodat die Gees hierdie saad kan gebruik om in die mens se emosionele en fisiese behoeftes uiteindelik te kan voorsien. Die Afgesonderde Gees leer en lei ons, maar het die saad van die Woord nodig om die mens in die volle waarheid te onderrig van hoe om as geregverdigde in Yeshua Messias as 'n afgesonderde (heilige) koninklike priesterdom te lewe.

Alleenlik wanneer die kerk die gelowiges leer om alles te onderhou wat Yeshua as die Lewende Woord beveel het, sal ware disippels gevorm word (Matt. 28:19). Die fondament wat in elke bekeerling se lewe gelê moet word, is Yeshua Messias, die Lewende Woord. Daar kan geen ander fondament gelê word nie (1 Kor. 3:11). Hierdie Lewende Woord is al die onderrig en instruksies (insettinge, verordeninge, wette) van Vader-God wat deur Yeshua

Messias bevestig is (Matt. 5:17 en 18) en soos vervat is YHVH se Torah, asook elke woord van Genesis tot Openbaring. Elkeen wat na die Woorde van Yeshua luister en dit doen, sal wees soos iemand wat sy huis op 'n rots bou (Matt. 7:24) en wat die storms van die lewe sal kan trotseer.

Elke gelowige moet met die waarheid van YHVH se Woord gekonfronteer word. Hierdie konfrontasie kan sommige aanstoot gee, want dit vereis van elkeen om in God se spieël te kyk en jouself te sien soos die Lewende Woord jou sien. Hierdie Woord is lewend en kragtig en dit ontbloot alles en beoordeel die oorlegginge en gedagtes van die hart (Heb. 4:12 en 13). Dit dien as die katalisator van die innerlike verandering wat moet plaasvind. Dit is die begin van die proses om as uitgeroepene (*qahal; ekklesia*) heiligmaking na te volg deur die sterwe aan die eie-ek.

Dit is juis in hierdie opsig waar soeker-sensitiewe kerke, gemeet aan YHVH se standaard, misluk, want hulle vermy konfrontasie met die Lewende Woord. Hulle wil nie die soekers van die waarheid aanstoot gee nie. Daarom verkies hulle om op die siels- en fisiese behoeftes van die mens te fokus. Byeenkomste word dan vermaak en lesings van motivering en onderrig van hoe om jouself en jou omstandighede te verbeter. Predikers word 'life coaches' wat jou leer hoe om met 'n positiewe selfbeeld suksesvol te oorleef. Kursusse, seminare, boeke en vele meer is gemik op die verbetering van die eie-ek. Selfisme word die prioriteit ten koste van die ware evangelie.

Die probleem is wanneer die ware evangelie aangebied word as 'n nie-veroordelende evangelie waar niemand 'n helverdiende sondaar genoem word nie. YHVH word as 'n God van liefde voorgehou wat die mens vry gemaak het van die wet, terwyl die feit dat Hy ook 'n God van oordeel is wat elkeen wat doelbewus sy wet oortree, sal oordeel, verswyg word. Lidmate word nie gekonfronteer met die feit dat oortreding van YHVH se wet steeds sonde is nie – ja, selfs onder die nuwe verbond!!

> *Julle vir wie ons lief is, ons is nou kinders van God en dit is tot nou toe nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy openbaar word, na Sy beeld sal wees en Hom sal sien net soos Hy is en elkeen wat hierdie versekerde verwagting in Hom het, reinig homself soos Hy rein is,* ***maar elkeen wat sondig, breek die wet****. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.* 1 Joh.3:2 tot 4 (PWL Vertaling)

Die ware evangelie is een van heiligmaking, soos YHVH beveel het: *Wees heilig, want ek is heilig* (Lev. 11:44; 1 Pet. 1:15 en 16).

Jerry Benjamin som dit alles soos volg op: *God did not save us to make us happy, He saved us to make us holy*.

Die soeker-sensitiewe kerk beskou nie die onderrig, instruksies en wysheid van Torah (die wet) as die basis van die Christengeloof nie. Nee, want daar word geglo dat genade in Yeshua hulle vry van die wet gemaak het. Die feit

dat in die ou verbond die nuwe (hernieude) verbond verskuil is, en dat in die nuwe verbond die ou verbond openbaar gemaak en bevestig word, word geïgnoreer. Gehoorsaamheid aan Torah word verwerp en slegs geloof in die seëninge op grond van genade word verkondig. Liefde word voorgehou as die vervulling van die wet, maar daar word vergeet dat diegene wat YHVH Yeshua waarlik liefhet, is dié wat Sy gebooie (Torah) onderhou!

Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:21.

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. 1 Joh. 2:3 tot 5.

Die soeker-senstiewe kerk verkondig nie heiligmaking volgens YHVH se standaard nie!! Gemeentes word byeenkomste van vermaak en motivering wat vanaf feitlik enige platform verkondig kan word, want dit sal eweveel byval by gelowiges en ongelowiges vind. Die gevolg hiervan is dat die hart van die evangelie uitgeruk word en vervang word met 'n mensgemaakte evangelie van selfisme en materialisme. Die fokus word verskuif vanaf die onvervalste melk van die Woord waardeur die gelowige tot geestelike volwassenheid moet groei (1 Pet. 2:2), na die mens self en sy behoefte na voorspoed en sukses.

Daarom is dit byvoorbeeld aanvaarbaar dat die bekende TV-evangelis, Paula White, die multi-miljoener Donald Trump as gas op haar TV-program verwelkom om sy wêreldse wysheid oor finansiële sukses met gelowiges te deel. Net so word Rick Warren se 40-dae program van 'n doelgerigte lewe met sukses in beide die kerk, asook in die korporatiewe wêreld aangebied. Dit word nie deur die kerk bevraagteken dat sy boek oor dié onderwerp aanhalings van bekende Nuwe-Era (New Age) leiers bevat nie. Dit is ook aanvaarbaar dat Hy en sy Saddleback Church 'n gesprek met Christen-, Joodse- en Moslemleiers hou "*to discuss cooperation for the common good.....on things that involve all humans regardless of what we believe*".

Die bekende Robert Schuller se suksesvolle kerkgroei was geskoei op besigheidsbeginsels en die filosofie van positiewe denke wat hy geleer het van Norman Vincent Peale, die vader van *The Power of Positive Thinking*. Schuller se beskouing van die evangelie kan die beste in sy eie woorde opgesom word: "*Possibility thinking and self-esteem theology can both be summarized in this single sentence: The 'I am' determines the 'I can.*" Daarom fokus hy op die verbetering van die mens se selfagting (selfbeeld) en die verandering van die mens se negatiewe denke na die positiewe. Volgens Schuller is dit die resep vir elke mens se sukses. Opsigself is dit nie verkeerd nie, maar is dit die hart van die evangelie van genade in Yeshua Messias??

Het jy al ooit van die bekende TV-evangeliste oor sonde, reinheid en heiligmaking hoor preek? Dink jy 'n boek en kursus in 40 dae van heiligmaking (volgens YHVH se standaard!!) gaan dieselfde sukses as Rick Warren se *Purpose Driven Life* behaal?

Die sagte evangelie van liefde en genade sonder YHVH se oordeel is deesdae 'n algemene verskynsel en talle voorbeelde kan genoem word. Die resultaat is wel soms 'n groei in kerkbywoningsgetalle wat deur baie verkeerdelik as herlewing beskou word. Hierdie is egter 'n totaal skewe beeld. Die volgende voorbeeld bevestig dit:

Die Granger Community Church van Granger in Indiana in die VSA is 'n voorbeeld van 'n suksesvolle soeker-sensitiewe kerk. Hierdie kerk tel onder die top 50 kerke in die VSA wat die meeste invloed het. Ten spyte van die oënskynlike sukses en herlewing het 'n opname onder sy lidmate die volgende getoon (Christian Research Net, Aug. 14, 2008):

- 47% glo nie aan redding deur genade nie
- 57% glo nie dat die Bybel die hoogste gesag is nie
- 56% glo nie dat Jesus (Yeshua Messias) die enigste weg tot redding en die ewige lewe is nie.

Die Granger Community Church het volgens YHVH se standaard misluk, want dit gee talle mense 'n valse sekerheid van redding. Hulle het 'n valse herlewing deur goeie organisasie, goeie bestuur en deur voorsiening in behoeftes tot stand gebring!!

Vir die soeker-sensitiewe kerk is sinkretisme (vermenging van godsdienste) ook aanvaarbaar, solank daar in die mens se emosionele 'voelgoed-behoeftes' voorsien kan word. Daarom word elemente van Katolisisme, Budisme en Hinduïsme 'n alledaagse verskyning in die kerk. Praktyke van meditasie en 'soaking', 'centering prayer' (ook bekend as 'contemplative prayer'), wierook wat gebrand word, dreunsang en die stigting van sentrums vir Christelike spiritualiteit waar Oosterse wysheid ook verkondig word, het die kerk binnegedring. Selfs die vermenging van die Christengeloof en Islam (bekend as Chrislam) is reeds aanvaarbaar in sommige denominasies. Homoseksualisme word ook nie meer as 'n sonde beskou nie en selfs geestelike leiers met hierdie seksuele voorkeur word op kansels toegelaat.

Hierdie is alles praktyke wat nie deel was van die gemeente (kerk) van Handelinge nie. Die kerk is besig om hierdie praktyke in te bring en toe te laat in 'n poging om die geestelike behoefte van die soekers te bevredig. Dit is ook duidelik dat dit bydra tot die ekumeniese eenheid tussen alle gelowe en groepe van die samelewing. Hierdie dinge is egter alles deel van die afval en misleiding van die eindtydgebeure voor Yeshua Messias se wederkoms.

Die dag het aangebreek dat ware gelowiges weer opnuut moet luister na die Woorde van YHVH ons Vader-God:

Gaan uit hom uit, my volk, en red elkeen sy lewe van die toorngloed van YHVH! Jer. 51:45

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek YHVH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek YHVH, die Almagtige. 2 Kor. 6:16 tot 18.

Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Messias voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Messias. 2 Kor. 11:2 tot 5

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. Open. 18:4 en 5

Is die Profete van ouds welkom?

Vra jouself die volgende vraag: Sal die profete van die ou verbond in die hedendaagse gemeente welkom wees? Was hierdie profete soeker-sensitief gewees of het hulle die woorde van YHVH gespreek wat so reguit soos 'n pyl getrek het? Die profete van ouds was 'onwelkome besoekers' aan die gemeente van YHVH – hulle is dood gemaak!!

Die volgende woorde van Leonard Ravenhill is propvol waarheid:

"If Yeshua had preached the same message that ministers preach today, He would never have been crucified."

"A popular evangelist reaches your emotions. A true prophet reaches your conscience."

"In the New Testament church it says they were all amazed - And now in our churches everybody wants to be amused."

"Isn't it staggering when you think that one sermon on the day of Pentecost produced 3000 people? And we had some cities yesterday where 3000 sermons were preached and nobody was saved. And it doesn't even faze us."

"Our God is a consuming fire. He consumes pride, lust, materialism, and other sin."

"There are only two kinds of persons: those dead in sin and those dead to sin."

Sal die volgende profetiese woorde byvoorbeeld deur die hedendaagse gemeente (*die kerk*) aanvaar word?

Tog het **יהוה** *Yisra'el en Y'hudah gewaarsku deur al Sy profete en elke siener en gesê: "Draai weg van julle bose dade en onderhou My opdragte, My instellings, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het en wat Ek vir julle gestuur het deur My diensknegte, die profete." Nietemin, hulle het nie geluister nie en hul nek styf gemaak soos hulle vaders wat nie op* **יהוה**, *hulle God, vertrou het nie.*
Hulle het Sy instellings en Sy verbond verwerp wat Hy met hulle vaders gesluit en Sy waarskuwings waarmee Hy hulle gewaarsku het en agter nietighede aangeloop en nietig geword en agter die nasies aangegaan wat rondom hulle was, van wie **יהוה** *hulle beveel het om nie soos hulle te doen nie.*
Hulle het al die opdragte van **יהוה**, *hulle God, verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak en 'n Asherah en die hele leër van die hemel aanbid en Ba'al gedien.*
Toe het hulle hul seuns en hul dogters deur die vuur laat gaan en waarsêery en towery gepraktiseer en hulleself verkoop om boosheid te doen in die oë van **יהוה**, *om Hom uit te tart.*
2 Kon. 17:13 tot 17 (PWL Vertaling)

Ek sluit af met 'n aanhaling uit 'n skrywe van Ya'acov Natan Lawrence (Parashat Masei, http://www.hoshanarabbah.org/)

Where are the true prophets of YHVH? *Yes, there are many self-proclaimed prophets who merchandise the church system for their own glory and gain, speaking in churches, and building their Babylonish towers and monuments dedicated to a god of their own construction who is not the same yesterday, today and forever; a god who has changed times and laws; and a god who spurns much of the truth of the Hebraic roots of the Christian faith. These self-appointed prophetic voices give a message of peace, security and revival. Little is said of the righteous judgments of Elohim and of obedience to the unchanging commandments of YHVH Elohim so clearly delineated in the Torah portion of your Bible and mine. These ear-ticklers seldom if ever reference the true prophets of the Bible such as Jeremiah, Ezekiel and Isaiah who spent their lives calling the people of YHVH back to holiness and righteousness, back to the ancient paths of Torah truth and light, and back to the Word of YHVH himself as personified and incarnated into human form, namely, Yeshua the Messiah, (who the Christians call Jesus Christ) who is the Living Torah Word of Elohim come in the flesh. A true prophet of Elohim, the prophet Jeremiah, aptly describes the false prophets of his day in Jeremiah*

23 and elsewhere. He said they strengthen the hands of evil doers. They cause none to repent of their wickedness. They spread profaneness throughout the land. They speak a vision of their own heart and not out of the mouth of YHVH. Everyone walks in the imagination of their own heart saying no evil will befall us—only peace, prosperity, security and revival. These false prophets and spiritual leaders have given themselves over to covetousness. They make merchandise of YHVH's people and have profaned that which is set-apart unto YHVH by merchandising the anointing. They have healed the hurt of YHVH's people slightly saying, peace, peace, when there is no peace. They have not taught YHVH's people the righteous judgments of Elohim. They have rejected the Torah-word of YHVH and have replaced it with the traditions of men. They have perverted the words of the Elohay Chayim, the Living Elohim, who is YHVH Tzavaot, the Y'hovah of Hosts. The same YHVH said of these false prophets through Jeremiah the prophet, "Therefore, behold, I, even I, will utterly forget you, and I will forsake you, and cast you out of my presence. And I will bring an everlasting reproach upon you, and a perpetual shame which will not be forgotten" (Jer 23:39–40). Many who claim to be prophets in our day fit the description of those false prophets of Jeremiah's day. YHVH's people need to repent of listening to these individuals and turn back to YHVH.

Dit het tyd geword dat elkeen moet besin oor wat hy glo, hoekom hy dit glo en hoe hy dit wat hy glo uitleef as gemeente (*qahal, ekklesia*). Dit het tyd geword om terug te keer om die gemeente volgens YHVH se vereiste te wees!!

Is jy deel van die gemeente van YHVH of deel van 'n soeker-sensitiewe gemeente waar selfisme verkondig en geleer word??

> *So sê Yahweh: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie*. Jer. 6:16 (Woord en Getuienis)

Yeshua kom 'n bruid haal wat vlekkeloos is. Is jy deel van daardie bruid?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel.

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.